

13 Julie

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:1-14

Fokusgedeelte: DL, VD 3/4:5

Die lig van die natuur is nie genoegsaam nie

Die lig van die natuur is genoegsaam om 'n mens by Christus uit te bring. Dit is waarop dit neerkom as die dwaalleraars sê: “Die verdorwe en natuurlike mens kan die algemene genade (waaronder hulle die lig van die natuur verstaan) of die gawes wat na die sondeval nog in hom oorgebly het tot sy heil gebruik.” Dit is wel so dat 'n mens iets van God kan leer uit die natuur, maar dit is nie genoegsaam om jou tot verlossing te lei nie. Om dié rede het die Sinode hierdie dwaalleer verwerp. Omdat die lig van die natuur nie genoegsaam is om mense tot bekering te kan lei nie het ons die opdrag om die evangelie van Jesus Christus te verkondig.

Paulus skryf byvoorbeeld aan die Efesiërs (vers 13): “Deur Christus het ook julle deel geword van die volk van God toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het. In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is julle as die eiendom van God beseël.”

Dit is baie duidelik dat die Efesiërs nie deur die lig van die natuur by Christus uitgekom het nie, maar deur die waarheid van die evangelie wat aan hulle verkondig is. Hulle het die evangelie van hulle verlossing gehoor en so tot geloof gekom. Die Heilige Gees gebruik dus baie duidelik die verkondiging van die evangelie om mense tot geloof te bring. Geen mens kan die weg na saligheid op sy eie ontdek nie. Nee, God moet dit aan hom openbaar en Hy het self gekies om dit deur die verkondiging van die Woord te doen.

Elkeen wat die weg na saligheid leer ken het, elkeen wat in Jesus Christus glo, moet God dank dat Hy gekies het om dit aan hom te openbaar deur die verkondiging van sy Woord!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~